

“Ben, moenie jou kosblik en sportklere vergeet nie,” sê Mamma.
Sy weet hy het ’n besige dag wat voorlê.
“Kan ek nie maar vandag by die huis bly nie?” smeek Ben.
Hy is nie eens lus vir Mamma se lekker toebroodjies nie.

Ben ry saam met Mamma skool toe.

Pappa moet alreeds vroeg by die werk wees. Hy werk baie hard. Ben en Mamma sing elke oggend saam met 'n liedjie terwyl hulle skool toe ry. Ben kan altyd die liedjie kies wat speel. Hy hou baie van oom Piet de Wet se musiek. Maar vanoggend is hy nie lus vir sing nie.



Mamma glimlag breed by die skoolhekkie. Sy waai vir Ben.
Ben frons en waai met 'n bang hartjie terug vir Mamma.
Hy sien van sy klasmaats wat buite speel.
Hy gaan bêre dadelik sy tas.

